

**Vrydag 11 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**

**Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16**

**Leef soos wat die Here Jesus van jou verwag**

**D**ie Drie-enige God konfronteer mense wat sê hulle glo, met hulle geestelike ingesteldheid. Hy stel nie belang in ons vertolking van waarom ons is soos ons is en doen soos ons doen nie - Hy stel net in die waarheid belang.

Hy hoor dat die gemeente van Laodisea met die mond bely dat hulle Hom liefhet, en dat hulle van Hom afhanklik is. Maar Hy weet ook dat dit nie waar was nie. Daar was by die gemeente 'n mate van emosieloosheid as gevolg van hulle selfvoldaanheid. Hulle rykdom het gelei tot hulle agteruitgang op geestelike gebied - veral omdat dit 'n streep getrek het deur hulle nederigheid. Hulle het 'n onafhanklike gees ontwikkel wat hulle al hoe verder van die Here af weggelei het. Sonder dat hulle dit agtergekom het, het hulle aardse rykdom hulle sielelewe verstik.

Ons moet elke oomblik voortlewe met ons oë op God gerig, met die geloof en verwagting dat Hy ons met die genade sal bedien om Satan te kan hanteer en sy aanslae te kan bemeester.

Die Christusprediking val in twee dele uiteen: Die Here openbaar dat Hy voor die deur staan en klop. Hy appèlleer dus op ons aanbidding en geloof om warm te wees. Die bedoeling van die klop van die Here is glad nie dat ons die keuse het om oop of toe te maak nie. Hy behoort binne te wees om saam fees te vier, want dis waarvoor Hy gesterf het.

Die tweede deel van die Christusprediking is dat Hy belowe dat Hy alle mense wat met volle verantwoordelikheid sy genade oor ons benut, met koningsheerlikheid sal beklee. Ons moet leef en bid in die Naam van die Here Jesus Christus. Ons moet ons lewe altyddeur rig op die komende heerlikheid van die feeslewe saam met Hom. Hy roep ons tot bekering om ons te herinner aan sy werk.

*Sing: Psalm 42-1:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*